

Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie

ds. PJ Kriel

10.03.2019

Inhoud Hierdie preek wys hoe ons vertrou in Jesus Christus ons bekering tot God is en hoe geestelikes ons uit hierdie bekering tot God wil wegkeer. Omdat Christus ons inlyf in wie Hy vir ons is, leef ons met God as ons Vader en kan ons nooit weer godloos wees nie. Ons vertrou in Christus is ons wegkeer uit die geloof dat ons godloos is en dit is ons toekeer tot ons lewe saam met God. Geestelikes se mag om God in mense se lewe te wil verteenwoordig, word deur ons inlywing in Christus verbreek sodat hulle nooit weer ons geestelike gidse, ligte leermeesters en onderwysers kan wees nie. Omdat Christus se inlywing ons vir goddeloosheid doodmaak en met God laat leef, probeer geestelikes ons geloofsbekering soos godloos laat lyk sodat hulle weer mag oor ons kan kry.

Skriflesing Rom. 3: 7 – 22; 5: 21: – 6: 15.

Teks 6: 11 “So moet julle dan julleself beskou as dood vir die sonde, maar in Christus lewend vir God.”

Tema Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie

1. Ek wil graag met 'n paar preke vir u die twee verskillende soorte Christelike bekerings wys in Romeine 6. Ek het al vir u die voorbeeld gegee van die twee soorte draaie wat die aarde om die son maak as voorbeeld van die twee soorte bekerings wat elke dag deel van 'n gelowige se lewe is. Die aarde maak 'n draai om die son wat die verskil tussen seisoene maak. Hierdie is die groot draai eenkeer per jaar. Die ander is die draaie wat die aarde om sy eie as maak en die verskil tussen dag en nag maak. Dit is 'n heel ander soort draai as die draai om die son.

Só is die geloof in Christus ons bekerings wat ons om die son maak en die wegkeer van sonde tot die wet is die bekerings wat ons om ons eie as maak.

Ons as gelowiges bekeer ons elke dag met hierdie bekerings. Dit is net hoe ons leef. Vandag gaan ons met Romeine 6: 1 – 11 eers kyk na die bekering om die son. Dit is ons geloof in en tot Christus elke dag. Hierdie geloof is bekering. Dit is die bekering wat ons vir God laat leef en maak dat ons nooit weer godloos kan wees nie.

2. Paulus verdedig in Romeine 6 die geloof in Christus teen die beskuldiging dat Christus en sy genade die oorsaak is dat gelowiges onbekeerdheid godloos in hul sonde volhard.

Hy stel twee keer die beskuldiging teen die geloof in Christus eers in vers 1: “Wat sal ons dan sê? Sal ons aanhou sonde doen sodat die genade kan toeneem” en weer in

Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie

vers 15: Wat sal ons dan sê? Sal ons sonde doen omdat ons nie onder die wet is nie, maar onder die genade?

Die beskuldiging is baie duidelik!

Christene glo in Jesus Christus omdat hulle onbekeerd in sonde wil volhard, meer nog, omdat hulle glo dat hoe meer sondes jy doen hoe meer genade kry jy! So? Hulle glo in Christus om godloos te wees.

3. Wie is dit wat die gelowiges beskuldig as mense wat onbekeerd godloos in hul sonde wil volhard?

Volgens 6: 16 is die hulle wat onder die wet is! In hoofstuk 2 gee Paulus vir ons 'n duidelik en eenvoudige beskrywing van wie is hulle wat "onder die wet" is. Hy wys dit is mense wie hulle self soos volg sien:

"Jy noem jouself 'n Jood, jy maak staat op die wet en roem op God. Jy ken sy wil en onderskei dit wat wesenlik belangrik is, omdat jy uit die wet onderrig word, Jy is daarvan oortuig dat jy 'n gids vir blindersis, 'n lig vir diegene in die duisternis, 'n leermeester vir die onkundiges, 'n onderwyser vir die oningeligtes, omdat jy in die wet die beliggaming van kennis en waarheid het. Jy dan wat iemand anders onderrig, onderrig jy jouself? Jy wat sê 'n mens mag nie steel nie, steel jy nie? Jy wat sê 'n mens mag nie egbreuk pleeg nie, pleeg jy nie egbreuk nie? (Rom. 2: 17 – 22)

Dit is hierdie Jode wat die Christene beskuldig dat hulle deur hulle geloof in Jesus Christus se genade, net wil aanhou onbekeerd godloos te wees.

Die kinders! Dit is hoe baie geestelike mense vandag ook net soos die Jode in Paulus se tyd glo! Hulle glo God se genade en liefde vir julle as sy kinders, maak dat julle wil aanhou sonde teen die Here doen! Hulle glo dat God se genade en liefde sal maak dat julle nie wil ophou sonde doen nie en nie wil doen wat die Here vir julle sê om te doen nie. Hulle glo God se genade maak julle godloos!

4. Paulus se antwoord hierop is dat dit glad só nie is dat God se genade jou 'n mens maak wat onbekeerd volhard in sonde nie! Dit is nie hoe Christus met ons werk nie!

Hoekom verstaan hierdie Jode Paulus só verkeerd?

Wanneer Hy preek dat Jesus Christus ons al ons sonde vergeef het en vir God se liefde regverdig gemaak het, en dat ons Jesus daarvoor kan vertrou dat Hy dit regtig só gedoen het, dan hoor hulle wie só glo gaan nou onbekeerd aanhou met hulle sondes!

Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie

Dit is omdat hulle totaal anders glo en leef as wat Christene glo en leef!

Paulus wys hierdie verskil met Rom. 6: 15: hulle leef onder die wet en gelowiges leef onder die genade! Dit is soos met die verskil tussen straatkinders en huiskinders! Straatkinders en huiskinders glo en leef heeltemal verskillend en daarom sal hulle mekaar nooit kan verstaan nie.

Wat se ding is 'n straatkind? Dit is 'n ouerlose kind! Dit kan 'n kind wees wat glad nie meer ouers het nie en geen familie wat vir hom wil sorg nie en nou sonder heenkome op straat sonder 'n huis en tuiste is. Dit kan ook kinders wees wat ouers het maar glad nie vir hulle omgee nie, nooit self by die huis is nie en nie hul huis vir hul kinders 'n tuiste maak nie. Sulke kinders gaan lê dan ook op straat rond omdat hulle geen sorgsame ouers het nie.

5. Straatkinders word kinders wat bendes vorm! Omdat hulle nie deel van 'n gesin is nie, word ander straatkinders hulle alternatiewe gesin. Bendes is niks anders nie as die nuwe gesinne vir ouerlose straatkinders!

Hierdie kinders is volgens Paulus se verduideliking kinders wat "onder die wet staan". Dit is kinders wat regeer moet word deur die polisie, die maatskaplike werkers en die howe want hulle ouers kyk nie na hulle nie.

Met sulke kinders gebeur daar nou iets baie snaaks! Hulle kry mense wat vir hulle wil reghelp om goeie kinders te wees en nie slegte straatkinders te wees nie.

Dit is vriendelik en goeie polisiemanne, sagte en begripvolle maatskaplike werkers, onderwysers wat wil omgee en help en regters wat kinders nie wil straf nie maar eerder met kinderhuise, verbeteringskole en pleegsorginrigtings nou kanse op die lewe wil gee.

Dit doen hulle alles volgens die wet en plaas die kinders so onder die wet se toesig! Op hierdie wyse voel hulle, hulle teenwoordigheid maak dat die kinders 'n ouerfiguur in hul lewe het, maar hulle neem nooit daardie kinders aan nie. Hulle is ouerfigure wat nooit regtig kinders as ouers aanneem nie.

6. Dit is hierdie mense wat glo hulle help straatkinders as leermeesters en onderwysers omdat die kinders probleem is dat hulle net oningelig en onkundig is oor die lewe. Hulle glo regtig as jy sulke straatkinders net leer en wys dan gaan hulle nie slegte straatkinders nie, maar goeie kinders word.

Hulle glo regtig dat hulle sulke kinders gidse en lewensmentors word omdat hulle net nie kan sien wat hulle geleenthede en gawes is nie. Daarom wil hulle net vir hulle wys wat om te doen en hoe om dit te doen, dan sal hierdie kinders hulle self kan

Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie

help en regkom in die lewe! Hulle glo hulle is die kinders se ouerfigure wat maak dat hulle nie meer sonder ouers is nie.

Hierdie mense glo dat kinders op hulle eie net goeie kinders is en nooit vanself sleg kan wees nie. Hulle moet net geleer word en gehelp word, dan sal hulle besluit om hulle lewe te verander en die strate los! Dit is hoe hierdie kinders deur al hierdie hulpvaardige mense onder die wet leef: hulle sal jou leer om volgens die wet iets van jouself te maak en jou lewe te verander.

7. Dink julle dit is wat Jesus vir sondaars kom doen het?

Hulle kom wys het, kom leer het, kom onderrig het en 'n gids geword het hoe jy jou lewe kan verander en iets van jou eie lewe kan maak as jy jou slegte daade los en begin om goeie daade te doen, deur vir jou 'n verteenwoordiger van God in jou lewe te word?

Christus het glad nie gekom om so 'n geestelike gids, leermeester of onderwyser vir word te word wat net 'n ouerfiguur, dit is 'n verteenwoordiger van God is nie.

Hy het heeltemal iets anders kom doen! Hy het gekom om ons in Homself as Here in te lyf! Nie pad te wys, te leer of te onderrig volgens God se wet nie – in te lyf in wie Hy as Here is!

Wat beteken inlyf? Dit beteken om jou in te sluit om regtig deel te wees van wie Jesus is en wat Hy doen! In verse 1 tot 10 verduidelik Paulus wat het Jesus gedoen en wie is Hy vandag. Jesus het vir ons sondes gesterf, eens en vir altyd. (6: 10) Dit beteken dat Jesus alle sondes wat ons doen en alle skuld wat ons kry vir die sondes wat ons doen, met sy dood eens en vir altyd weggeneem het. Jesus is ook vandag 'n mens van vleis en bloed wat vir God die Vader reg en heilig leef volgens vers 10.

Inlyf beteken dat God deur sy goddelike krag en mag ons insluit in wie Jesus is en wat Jesus vir ons gedoen het. (6: 4)

8. Wat gebeur as jy ingelyf is?

Dan deel jy alles as jou eie! Daarom sê Paulus ons deel alles wat Jesus gedoen het toe Hy vir ons sondes betaal het met sy dood en ons deel alles met Jesus terwyl Hy vandag reg en heilig as mens leef.

Wat ons deel is ons eie! Daarom is ons werklik vir God altyd regverdig sonder sondeskuld en heilig in ons lewe en liefde vir God.

Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie

Om altyd regverdig sonder foute en skuld vir God en altyd in ons liefde vir God heilig, volkome te wees, is nie iets wat Jesus ons wys of leer nie. Dit is wat Hy met ons deel deur ons in Homself in te lyf.

Inlywing verander jou lewenswyse! Nie lessies en gidsaanwysings nie!

Paulus stel dat hierdie inlywing in Christus is wat Christene doodmaak vir sonde en lewend maak vir God. Dit maak 'n einde aan die lewenswyse om 'n slaaf van sonde te wees en maak jou lewend om as kind van God vir God te leef.

9. Wat is hierdie verandering?

Dit is om van 'n straatkind en huiskind te maak!

Dit is heeltemal iets anders om as polisieman, onderwyser, maatskaplike werker of regter straatkinders as 'n ouerfiguur te probeer help. Dit is wanneer 'n man 'n straatkind in sy gesin inlyf om sy kind te wees. Hierdie inlywing, beteken om ingesluit te word en alles te deel wie hierdie Pa is wat Hy doen! Nie om 'n ouerfiguur te wees nie, maar om 'n werklik teenwoordige ouer te wees.

Dit is hoe God ons sondige bestaan beëindig het! Hy het ons ingelyf in Christus sodat ons alles kan deel wie Hy is en op hierdie wyse kinders van God die Vader kan wees. Hy is werklik God met ons in sy liefde en nie net vir ons 'n goddelike figuur van God se liefde nie.

Dit is wat God se genade en liefde inhou: Hy lyf ons in Christus in sodat ons vir altyd as sy onskuldige, regverdige en heilige kinders kan leef – met Hom wat god met ons is.

Wat moet 'n straatkind doen wat aangeneem word om kind in 'n huis te wees?

Kyk hoe beskryf Paulus dit in 6: 11 “So moet julle dan julleself beskou as dood vir sonde, maar in Christus lewend vir God! Ons moet God vertrou vir die besluit wat Hy geneem het om ons in te lyf! Hy het die besluit geneem, deurgevoer en laat sy besluit vir altyd geldig wees. Hulle moet hul lewe met God aanvaar!

10. Om jouself dood vir sonde te beskou en lewend vir God te beskou, beteken jy mag jouself nooit weer sien of reken as 'n ouerlose straatkind nie. Dit maak nie saak hoe lank jy daaraan gewoond was of hoe jy jouself daarin uitgeleef het nie.

Daardie lewe van 'n straatkind is dood! Dit is verby! Dit kan nooit weer jou lewe wees nie.

Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie

Daarom moet jy jou nuwe lewe aanvaar: jy is nou ingelyf en deel van die huis, die liefde en genade en sorg van Jesus Christus. Jy moet nou aanvaar dat jy vir Hom wat jou ingelyf het, in sy huis kind mag wees en vir Hom as kind mag leef. Jy kan en sal nooit godloos kan wees nie.

Dit is die hoe ons geloof in Jesus Christus ons bekering tot God is! Geloof beteken ek vertrou die Here dat Hy my nie 'n straatkind laat wees het of laat bly het onder die wet en toesighouers volgens die wet nie, en my ingelyf het in Homself om saam met Hom te leef as kind van God. God is en kan nooit vir ons 'n afwesige God of net 'n goddelike figuur wees nie

Daarom roep Paulus hierdie gelowiges op om aan hulle doop te glo in vers 3 en 4. Die water van die doop as teken wys ons dat ons ingedoop is, ingelyf is in Christus en alles deel wie Hy vir ons is en wat Hy vir ons gedoen het. Wie hierdie teken dra, was nog nooit straatkind gewees nie en kan nooit straatkind word nie, want Christus maak ons nie godloos sonder God se liefde en genade nie.

Hierdie doop moet jou elke keer wys dat jy kan en moet glo jy kan en kon nooit straatkind wees nie, want jy is huiskind gemaak in jou inlywing met Christus.

11. Dit is die bekering wat jou van die strate af hou: jou vertrou in Jesus Christus en in wat Hy vir jou besluit het.

Wat maak dat kinders wie se ouers hulle liefhet nie straatkinders word nie? Hulle inlywing in hulle wie hulle liefhet! Hulle is deel van 'n gesin wie in en met mekaar ingelyf is! Hulle mag elke keer weer hulle inlywing en liefde glo, want hulle is nie oerloos met ouerfigure in hul lewe nie!

Wanneer hulle ook verkeerd doen, oortree, sleg is en skandes maak, hoekom gaan hulle nie strate toe nie? Hoekom word hulle nie straatkinders nie? Want daar is 'n verskriklike groot verskil tussen om as kind jou in jou in die ouerhuis waar jou ouers jou liefhet as hulle kind, wan te gedra en om in 'n ouerlose huis te leef.

In 'n ouerhuis doen jy sonde in hulle liefde en in jou inlywing in die gesin. Daarom is dit jou vertrou in Christus se inlywing wat maak dat geen sonde wat jy doen, geen skande wat jy oor jouself bring en geen wangedrag wat jy afdwing, jou strate toe keer nie. Jou vertrou in Christus is die bekering waardeur jy elke keer wegkeer van die strate om in jou kindskap met God te bly en te leef.

Dit is die bedoeling van vers 11!

Jou vertrou in Christus maak jou dood vir die opvatting en besluit – my sondes dryf my uit die huis strate toe! Jou vertrou in Jesus Christus keer jou elke keer in die

Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie

lewe met God in waar jy weet jy is vir God sy regverdige, onskuldige en heilige kind! My sondes kan my nooit uitdryf uit God se genade asof ek godloos is nie.

12. Dit is mos die bekering waarmee u en ek elke dag besig is, hierdie groot draai om die son!

“Ons beskou ons self as dood vir die sonde, maar in Christus lewend vir God”

Ek is dood vir die sonde, is hoe ek myself wegkeer om straatkind te wees!

- Met elke oortreding wat ek teen God begaan, is dit mos ons eerste daad van vertrou – dit maak my nie ’n straatkind nie! Ek is die Here se kind en ek kan nie strate toe oor my oortredings nie! Ek kan nie myself nooit godloos sien omdat ek sonde doen nie.
- Ek kan nie dat my oortredings my laat glo ek is Godloos en buite God se genade en liefde nie!
- Ek kan nie glo dat ek nie ingelyf is in Christus omdat en wanneer ek teen God oortredings begaan nie!

Ek leef vir God! Dit is hoe ek my elke keer toekeer in die geloof in Christus!

- My liefde sal vir Hom heilig wees met al my onvolkomenhede!
- My toewyding sal vir Hom smetloos wees met al my foute!
- My gehoorsaamheid sal vir Hom reg wees met al my verkeerdhede!

Want Hy het my in Homself ingelyf om vir Hom reg, heilig en smetloos te wees! Wie van U kan nie of is nie met hierdie vertrou in die Here elke dag besig nie: Ek beskou myself as dood vir sonde en lewend vir God in Christus! Dit is net wat ons doen!

13. Nou hoekom sal geestelikes vir ons beskuldig dat ons met hierdie bekering tot Christus besig is, omdat ons onbekeerd godloos in sonde wil volhard?

Want dit is regtig die beskuldiging teen die Here en sy kerk! Hierdie geloofstoekeer tot Christus en wegkeer van die straatkindbestaan, is net ’n manier om godloos onbekeerd in sonde te wil volhard!

Die antwoord lê daarin om te kyk wie die beskuldigings maak! Dit het Paulus ons gewys: hulle wat glo hulle is gidse, ligte, leermeesters en onderwysers vir mense hoe om vir God lief te hê omdat hulle weet hoe om God volgens sy wet lief te hê! Die liefdesgebod van God se wet is vir hulle die krag om mense volkome gehoorsaam

Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie

aan God te maak! Want hulle glo hulle is verteenwoordigers van God wat vir jou afwesig is!

Hulle glo dat hulle verteenwoordiging van God jou bekeerd kan maak terwyl die Here se inlywing in Hom in jou onbekeerd maak!

Dit is die ontdekking wat u in Romeine 6 moet maak! Die woede en beskuldiging van die kerk se bekeringloosheid, is nie 'n woede teen lidmate nie. Dit is 'n woede teen Christus. Want Hy regeer ons deur volgens 5: 21 deur ons regverdig en heilig te maak deur ons in te lyf in Hom, Hy laat ons nie onder die wet staan nie, maar onder die genade, 6:15.

14. Hoekom hierdie woede teen die Here wat sy manier van regering en beheer van sy kinders uitmaak as die rede vir hulle bekeringloosheid?

Want die oomblik toe die Here U in Hom ingelyf het om in sy liefde te leef en deur sy genade te regeer, het Hy U losgemaak van al die geestelike mense wat jou lig, jou gids, jou leermeester en jou onderwyser wil wees!

En dit is die enigste en werklik rede van die beskuldiging van gelowiges dat hul toekeer tot die Here, hulle bekering in sy liefde in om deur sy genade te glo, die rede vir bekeringloosheid sou wees.

Kom ons kyk of ons voorbeeld ons hiermee kan help. Al die polisiemanne, sielkundiges, maatskaplike werkers en onderwysers wat hulle self sien as die hulp en krag van straatkinders, wat gaan gebeur as hierdie straatkinders aangeneem word en ouers kry wat vir hulle as kinders 'n tuiste is? Hulle gaan almal sonder werk wees en weet hulle is nie meer die hulp en krag nie want die kinders het gekry wat hulle regtig nodig het!

So die enigste manier waarop hulle nog kan voel hulle is hierdie kinders se hulp en krag, is dat hulle die ouers wat hulle aangeneem het sal aanval dat hulle aanneming maak hierdie kinders nou slegte kinders. En daarom maak hulle nou asof hierdie kinders se wangedrag in hul ouerhuis veroorsaak word deur die aanneem ouers! Want dan kan hulle weer die kinders se lig, gidse, leermeesters en onderwysers word.

15. Dink U dit is waar?

Dat U sondes wat u as kinders van die Here in sy genade en liefde om U sy regverdige en heilige kinders te maak deur u inlywing in Christus, word veroorsaak deurdat die Here U nie meer deur die wet nie maar deur sy genade regeer?

Ons bekering is om God te vertrou dat Hy ons vir Hom lewend gemaak het en ons nooit weer godloos kan wees nie

Is dit die oorsaak van u wangedrag teenoor God? Omdat Hy U in Hom ingelyf het en Hom U tuiste as Here gemaak het. Of is dit die krag wat maak dat U met elke wandaad en oortreding teen die Here, U self elke keer weer in sy liefde inkeer met die volle vertroue u kan en sal nooit weer iets anders kan wees as sy kind nie?

Hoe kan die wyse waarop U elke keer tot die Here se genade en liefde toekeer, deur Hom vir sy inlywing te vertrou, die rede wees vir U sogenaamde onbekeerdheid? Dit is 'n totaal absurde beskuldiging teen die Here terwyl u moet dink dit is eintlik 'n beskuldiging teen jou!

Hoe kan jou bekering tot die Here die rede vir jou onbekeerdheid wees?

16. So waaroor gaan dit regtig met hierdie beskuldiging dat jou bekering tot die Here jou onbekeerd gaan maak?

Dit gaan oor 'n totaal ander tipe geloof as die geloof in Jesus Christus en 'n totaal ander tipe bekering as jou toekeer tot die Here se genade! Dit gaan oor 'n tipe bekering waarin jy jou juis uit Christus se genade moet wegkeer sodat hulle weer vir jou leermeesters van die wet kan word. Volgens hulle moet jy wat in Jesus Christus glo, jouself eers godloos en onbekeerd verklaar voor jy tot bekering kan kom!

Jy wat in Jesus Christus glo moet jouself lewend vir die sonde reken en dood reken vir God, omdat jy nog sondes doen, jou wangedra en skandes maak, as kind van God in sy genade en liefde.

Dit is mos niks anders nie as dat jy wie ingelyf is in Christus jouself as godloos moet sien sodat hulle God in jou lewe weer kan kom verteenwoordig. Volgens ons voorbeeld is dit kinders wat hul self ouersloos moet verklaar, terwyl hulle ouers het wat hul lief het, sodat al die ander ooms en tannies vir hulle ouerfigure kan wees!

Kom ons vertrou die Here vir die kragtige werking van sy inlywing: dit maak dat ons met al ons oortredings, wangedrag en skandes, nooit straatkinders word nie. Deur ons vertroue in sy genadeheerskappy bly ons sy kinders wat tuis met God in sy liefde.

En dit gaan geen leermeester van die wet vir ons wees om met ons regkry nie. Hulle kan nooit vir ons met hulle reëls, regulasies, wysheid, insigte en ondersteuning tuis maak in God se liefde nie.

Kom ons hou aan ons bekeer tot die Here se genade en liefde en verwerp die ongegronde beskuldiging teen die Here dat Hy ons deur sy genade onbekeerde mense maak: "So moet julle dan julleself beskou as dood vir die sonde, maar in Christus lewend vir God."